# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (32/10)*

*Justin Chadwick (20 Augustus 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK “Diplomacy is the art of saying “nice doggie” until you can find a rock” Will Rogers

## CRI SITRUS NAVORSINGSIMPOSIUM

Hierdie week het die grootste navorsingsimposium/konferensie in die suidelike halfrond in die KZN Drakensberg plaasgevind – en weereens was dit ‘n dawerende sukses. VIER HONDERD EN TAGTIG afgevaardigdes het na die sesde CRI Sitrus Navorsingsimposium gereis – en is getrakteer op drie dae van uitstekende praatjies, ideale netwerk-geleenthede en ‘n partytjie van alle partytjies. Baie geluk aan die organiseringskomitee (Hennie le Roux, Henry Skinner en Jean de Gasperi), die wetenskaplike komitee (Vaughan Hattingh, Tim Grout, Paul Fourie, Stephan Verreynne en Sean Moore) en die finansiële komitee (Andrea Vinson en Bridget Coetzee).

Ek is altyd verstom deur die navorsing wat deur CRI, Universiteite en ander navorsingsfasiliteite gedoen word; asook die reeks van produkte en dienste wat vir die sitrusbedryf beskikbaar is. Ek is nie ‘n wetenskaplike nie maar kon die aanbiedeninge verstaan – almal baie relevant en sommige was baanbrekerswerk. Die reeks van onderwerpe was wyd – ‘n totaal van 67 praatjies en 35 plakkate is aangebied – ek dink elke aspek van die sitrusvoorsieningsketting is gedek. Ek wil graag al die aanbieders bedank vir hul toewyding aan hierdie groot bedryf, hul tyd om wêreldklas praatjies en plakkate voor te berei en hul proffesionele manier van aanbieding.

Die uitstalarea het ook oor die tyd vergroot en so ook die gehalte van die stalletjies. Hierdie is ‘n uitstekende geleentheid om jou produkte en dienste te vertoon, wat met graagte deur die borge benut is. Borge is noodsaaklik vir so ‘n geleentheid en dit was lekker om te sien dat baie verskaffers en sitrus verwante bedrywe wat die bedryf ondersteun, insette by so ‘n geleentheid lewer. Bayer was weereens die diamant-borg, Sappi was platinum-borg (en verantwoordelik vir baie seer koppe die Woensdagoggend), Avello, Illovo, Plaaskem en River Bioscience was smarag-borge en daar was ook baie goue, silwer en brons borge. Ondersteun asseblief die borge aangesien hul toewyding bewys aan die bedryf wat hul ondersteun.

Die gala ete (geborg deur Sappi) was weereens ‘n vertoning van spontane vreugde – Mick Jager en die dansende meisies het almal op hul voete gehad en almal het ‘n goeie tyd gehad. Ek het gehoor dat sommige eers teen 05:00 Woensdagoggend bed toe is – dit is nou toegewyde “networking”.

Die organiseringskomitee het alreeds aan die 2012 simposium begin werk – en benodig jul insette om dit SELFS GROTER en BETER te maak. Alle afgevaardigdes het ‘n vraelys ontvang om te help om te bepaal wanneer en waar die volgende gebeurtenis gaan plaasvind. Die organiseerders is bewus daarvan dat hierdie plek meebring dat baie mense ver moet reis – daar is egter ‘n paar redes wat hierdie plek baie aanloklik maak. Eerstens is dit die vermoë om so ‘n groot skare te akkommodeer. Die vertoonlokaal en die gala ete is alles by dieselfde plek – daar is baie min plekke van hierdie grootte beskikbaar. Tweedens die kostes – die organiseringskomitee het hul huiswerk gedoen; ander plekke sou meer kos as jy die registrasiefooi, akkommodasie en gemiddelde reiskostes sou saamvoeg. Dan is die KZN Drakensberg ook seker een van die mooiste dele in die land. Dit is ver om te reis – maar vra enige afgevaardigde en hul sal jou vertel dat dit die moeite werd is.

Die tyd van die simposium is altyd ‘n probleem – met baie produsente en pakhuisbestuurders wat uitwys dat dit gedurende ‘n baie besige tyd vir hul is. Jy moet egter kyk na die hoofdoel van die simposium om te verstaan hoekom dit hierdie tyd gehou word – die doelwit is om aan die bedryf se tegniese mense die resultate van navorsing en aanbevelings oor te dra. As die simposium later gehou sou word kan hul uitmis op advies wat op die nuutste resultate gebaseer is. Die teikengehoor is werklik tegniese personeel en adviseurs om sodoende te verseker dat hul toegerus is met die nuutste inligting, die inligting word aan produsente tydens sudiegroep-vergaderings voorsien op ‘n tyd en plek wat meer geskik is.

U word aangemoedig om u insette aan die organiseringskomitee deur te gee (e-pos hlr@cri.co.za) – met 480 afgevaardigdes kon hul nie die tyd en plek te ver verkeerd gehad het nie.

## GEPAK EN VERSKEEP

Dit is interessant om te sien dat oor die afgelope twee seisoene, week 32 die tyd is wanneer Valencias wat gepak is die nawels wat gepak is, inhaal en dit is in 2010 ook nie anders nie. Dit is ook interessant om te let dat beide sagte sitrus en suurlemoene se gepakte syfers in die spoor van 2008 volg - in 2008 is 7.3 m kartonne van sagte sitrus en 9.6 m kartonne van suurlemoene in totaal gepak. Met Valencias verskeep wat nou oor die 10 m merk is, blyk dit dat Europa ‘n aptyt vir Suid-Afrikaanse lemoene het (N Europa 2009 3.1 m; 2010 4.4 m en S Europa 2009 0.9 m; 2010 1.5m) terwyl die Midde-Ooste minder volume (2009 2.3 m; 2010 1.5m) geneem het. Dit is steeds nog baie vroeg in die Valencia verskepingseisoen.

| Tot Week 32<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo’s | 12.4 m | 13.5 m | 11.9 m | 12.7 m | 10.3 m | 12.6m | 12.2m | 14.2m | 13.7m |
| Sagte Sitrus | 6.8 m | 6.4 m | 7m | 5.4 m | 5.7 m | 7.5m | 7.9m | 6.8m | 6m |
| Suurlemoene | 8.8 m | 7.6 m | 8.8 m | 6.2 m | 6.5 m | 9m | 9.2m | 8.7m | 7.7m |
| Nawels | 20.3 m | 18.8 m | 21.9 m | 17.1 m | 18.7 m | 21.4m | 21.9 m | 19.4m | 19.1m |
| Valencias | 20.4 m | 18.8 m | 22.1 m | 10.5 m | 12.2 m | 41.3m | 41.5m | 38.5m | 35.3m |
| Totaal | 68.7 m | 65.1 m | 71.7 m | 51.9 m | 53.4 m | 91.8m | 92.7m | 87.6m | 81.8m |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS’ ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**